

TEEMUSHUISIE

BENODIGDHEDE: 50 cm dig geweefde beskuitkleurige goiing; 50 cm katoenvoeringmateriaal; 'n vierkantige stuk skuimrubber van 60 x 60 cm en 5 mm dik; 30 cm oranje koordferweel, wat 90 cm wyd is, vir die dak; klein stukkies grys vilt vir die deure en hortjies; bruin tweed vir die skoorsteen; oranje en pienk vilt en verskillende kleure borduurwol en -garing vir die blomme; ou fotonegatief of swart vilt vir die vensterruite; kleurlose kleefmiddel.

AANWYSINGS: Knip vir die huis twee symure van 13 x 26,5 cm en twee gewelmure soos diagram 1 uit goiing sowel as uit voeringmateriaal. Knip vir die stopsel twee symure en twee gewelmure uit skuimrubber, maar knip die skuimrubber reg rondom 2 cm kleiner as die materiaalpante.

Om mure te maak, stik een goiing- en een voeringsymuur om drie kante aan mekaar vas. Dop na die regte kant om en steek dan die ooreenstemmende skuimrubberpant in. Vou rafelrande na verkeerde kant om en glipsteek opening toe. Doen dieselfde met die ander drie mure.


Gebruik fotonegatief of swart vilt en knip twee reghoeke van 3 x 4 cm uit vir vensters in symure en twee vierkante van 3 x 3 cm vir vensters in gewelmure. Plak vensters vas soos op foto en bring dan tralies aan met grys borduurgaring wat diagonaal in 'n kruis-en-dwarspatroon daarvoor geborduur word.

Knip uit grys vilt twee hortjies vir elke venster sodat hulle dieselfde hoogte en helfte van wydte van vensterruit is. Plak aan weerskante van elke venster een vas.

Knip vir die deur 'n reghoek van 4,5 x 6 cm uit grys vilt en stik rye stiksel 5 mm uit-mekaar oor die lengte daarvan. Plak die deur aan die voorste muur vas soos op die foto gesien kan word.

Heg nou die mure in pare soos volg aanmekaar. Plaas een symuur en een gewelmuur met regte kante op mekaar en sorg dat smal kante ooreenstem. Werk kante netjies oorhands aan mekaar vas en verseker dat voering nêrens sigbaar is nie. Werk twee oorblywende hoeke op dieselfde manier aan mekaar vas. Dop om na regte kant.

Knip vir die dak twee pante uit oranje koordferweel van 28 x 36 cm en 'n stukkiet uit skuimrubber, 24 x 32 cm groot. Stik twee stukke koordferweel om drie kante toe en laat 2 cm toe vir nate. Knip nate gelyk en dop dan om na regte kant. Steek skuimrubber in,



vou rafelrande na binne om en stik vas.

Knip vir die soldervenster in dak 'n halwe sirkel uit goiing met deursnee van 8 cm en knip dan 1 cm aan reguit rand gelyk af. Werk goiingvenster 5 cm van een smal rand af en effens links van middel vas. Knip 'n klein



Appliekwerk en eenvoudige borduursteke voltooi dié teemushuisie.

MET LIEFDE GEMAAK

Maak die handewerktafel by die kermis vol vrolike, praktiese geskenke. Hier is 'n paar patrone vir handgemaakte geskenke wat lank na die kermis nog harte sal verbly

deur HENRIETTE LOUW



Reslappies van katoen en kant is vir dié oulike werkmandjie en polsspeldekussing gebruik.



stukkies negatief of swart vilt 3 x 2 cm groot en plak dit op goingshalfsirkel vas en borduur 'n traliewerkpatroon soos voorheen daarop.

Knip vir die kap twee strokies koordferweel wat lank genoeg is om rondom ronding van goingsvenster te pas plus 2 cm ekstra om in te vou en met 'n diepte van 5,5 cm in middel wat afspits tot niks by elke punt. Sny 'n stukkies skuimrubber in dieselfde fatsoen, maar 1 cm kleiner rondom. Stik twee koordferweelpante rondom ronding aan mekaar vas en laat 1 cm toe vir naat. Sny gelyk, dop na regte kant om en steek skuimrubber in. Vou rafele in en glipsteek na aan kante toe. Werk kap rondom ronding van goings vas om soldervenster te voltooi.

Plaas dak bo-op huis en glipsteek aan boonste rande van mure reg rondom vas.

Knip vir die loof en blomme eers twee

bossievorms van donkergroen tweed of vilt. Knip twee halvesirkels met deursnee van 15 cm en knip geronde kant van elkeen in 'n ongelykmatige, geskulpte fatsoen. Plak bossies diagonaal teenoor hoeke aan huismure vas. Klein flentertjies vilt kan vir blomme vasgeplak word.

Knip vir die skoorsteen 'n strokie uit dik, bruin tweed, 20 x 5 cm groot. Smeer kleefmiddel aan een kant van strokie en rol strokie dan styf op, steek met spelde vas en laat droog word. Werk dit bo-op dak aan een kant vas.

WERKMANDJIE EN POLSSPELDEKUSSING

DIE werkmandjie is met materiaal uitgevoer en op die boom gekwilt, met rek om die rand. Die deksel is gekwilt en is omkeerbaar. Die speldekussing is 'n kussinkie met valletjies wat aan 'n rekbands vas is.

BENODIGDHEDE: 'n Vlak mandjie — die een op die foto is 22,5 cm in deursnee; bedrukte katoen, bypassende effekleurige materiaal en poliësterwatte (hoeveelhede hang van die grootte van die mandjie af, ons het 50 cm elk bedrukte en effekleurige materiaal gebruik en 30 cm watte); drie knope om oor te trek; rek wat om die rand van die mandjie pas; garing; 50 cm omrandingkant wat 2,5 cm wyd is.

AANWYSINGS: Meet deursnee van boom van mandjie en voeg 2 cm by om in te vou. Knip twee sirkels uit effekleurige materiaal en een uit watte, almal met dieselfde deursnee. Vou materiaal om agt segmente te vorm en pars voue plat. Vou oop. Plaas watte tussen twee materiaalssirkels met ge-

voude sirkel bo en ryg die drie lae aan mekaar vas. Stik al langs voulyne sodat daar agt deurgestikte segmente is.

Om lengte en breedte van voering vir kante te kry, meet eers omtrek van mandjie by wydste deel en voeg dan 4 cm by om in te vou en dit is die lengte. Meet dan diepte van mandjie deur meetband oor kurwe ook te plaas en voeg 8 cm by om in te vou en vir omslag aan bokant — dit is dan die diepte. Knip 'n reghoek uit bedrukte materiaal volgens dié mate. Met regte kante op mekaar, stik mandjiekantpante aan mekaar vas en laat 1 cm toe vir nate sodat pante 'n ring vorm. Pars naat oop en dop na regte kant om. Vou 'n 2-cm-soom aan een rafele van ring om om 'n buis vir rek te vorm en los 'n klein opening waardeur rek gestee kan word.

Speld nou oorblywende rafele van ring rondom gekwilt boom, met regte kante op mekaar, vas met rafelede gelyk en plooi volligheid egalig in om te pas. Werk vas en laat 1 cm toe om in te vou. Steek rek in en werk eindpunte stewig vas. Plaas voering in mandjie.

Deksel: Meet deursnee van opening van mandjie en knip een sirkel uit bedrukte stof, een uit effekleurige materiaal en een uit watte, almal met dieselfde deursnee. Vou een van materiaalssirkels in sestien segmente en pars voue deeglik. Vou oop en plaas watte tussen twee materiaalssirkels met gevoude sirkel bo. Speld die drie lae op mekaar vas. Stik al langs voulyne om gekwilt segmente te vorm.

Knip en las skuinsstroke van effekleurige materiaal, wat 3 cm wyd is, aan mekaar om rondom deksel te pas. Boor rafele van deksel met skuinsband om. Vou kante in en werk eindpunte met die hand aan mekaar vas vir 'n netjiese afwerking.

Trek twee van die knope met bedrukte materiaal oor en een met effekleurige materiaal. Werk effekleurknop in middel bo-op deksel aan bedrukte materiaal vas en knoop met bedrukte materiaal in middel aan effekleurige kant vas. Werk ander knop in middel van gekwilt bodem vas.

SPELDEKUSSING

Knip 'n sirkel, met deursnee van 10 cm, uit bedrukte materiaal en plooi met 'n dubbele draad garing reg rondom naby rand in. Die materiaal vorm 'n sakkie as jy dit inplooi. Druk stopsel daarin en heg stewig vas. Plooi een rand van kant in om 'n ronde valletjie te vorm. Werk valletjie aan agterkant van kussinkie vas.

Knip 'n stuk van 2 cm breë rek om gerieflik rondom die pols te pas. Knip ook 'n strokie effekleurige materiaal wat 5,5 cm breed en net helfte van lengte van rek is, uit effekleurige materiaal.

Vou strokie materiaal met regte kante op mekaar oorlangs dubbel, laat 5 mm toe vir naat en stik lang kante aan mekaar vas sodat strokie 'n buis vorm. Pars naat oop, dop na regte kant om en pars plat met naat in middel van een kant. Ryg rek deur buis en anker dit met 'n speld aan weerskante aan materiaal vas. Stik met sigsagsteek in middel al langs lengte van polsband vas terwyl rek styf getrek word. Werk eindpunte aan agterkant van speldekussing vas en vou rafele in vir 'n netjiese afwerking.

GEBREIDE DAMESHANDSKOENE

BENODIGDHEDE: Een 50-g-bol elk Pin-gouin Pullskein in grys as hoofkleur en

moerbeikleur as kontras; klein bietjies groen en pienk vir borduurwerk; een paar elk 3¼-mm- en 3¼-mm-breipenne.

SPANNING EN GROOTTE: Gebrei met 'n spanning van 23 steke en 28 rye vir 10 x 10 cm oor koussteek gemeet en met 3¼-mm-breipenne gebrei. Die handskoene is 18 cm rondom die hand bokant die duim en pas 'n middelgroot hand.

Let wel: Toets eers die spanning van jou eie breiwerk om te verseker dat dit korrek is.

AFKORTINGS (Lees eers voordat jy begin brei.): r - brei regs; aw - brei aweregs; herh - herhaal; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder (brei twee keer in volgende steek); vlg - volgende; tes - tesame; ks - koussteek (regs aan regte kant en aweregs aan verkeerde kant); H - hoofkleur; T - teenstellende kleur; rif - ruffelsteek (r 2 en aw 2 om die beurt).

REGTERHANDSKOEN: Stel 40 ste op met 3¼-mm-penne en T en brei 6 rye rif. Los T.

Heg H vas en brei nog 6 rye in rif. Los H.

Brei 6 rye rif met T.

Breek T af en brei slegs met H.

Slaan oor na 3¼-mm-penne.

Begin met 'n r-ry, ks 2 rye. ***

Fatsoeneer duimvoegstuk: 1e ry: r 22, vermeer, vermeer, r 16.

Beg met 'n aw-ry en ks 3 rye.

Vlg ry: r 22, vermeer, r 2, vermeer, r 16.

Brei 3 rye ks.

Vlg ry: r 22, vermeer, r totdat 17 ste oorbly, vermeer, r 16.

Brei 3 rye ks.

Herh laaste 4 rye twee keer en dan weer 1e van dié rye (52ste).

Brei 1 ry aw.

Verdeel vir duim: r 36, draai, stel 2 ste op, aw vlg 13 ste, draai, stel 1 st op (16 ste).

Duim: Begin met 'n r-ry en ks 14 rye.

Fatsoeneer punt: Vlg ry: r 1, *r2 tes, r 1. Herh vanaf * tot einde (11ste).

Brei 1 ry aw.

Vlg ry: r 1, *r2 tes. Herh van * tot einde (6 ste).

Breek breigaring af, maar laat 'n lang stuk agterbly. Ryg draad deur die 6 ste, trek styf en werk naat toe.

Met regte kant van werk na voor, heg draad weer vas en tel op en r 3 ste met regterbreien by basis van duim, r 16 op linkerbreien (42 ste).

Begin met aw-ry en ks 13 rye.

Verdeel vir eerste vinger: r 27, draai, stel 1 st op, aw vlg 12 ste, draai, stel 1 st op (14 ste).

Eerste vinger: Beg met 'n r-ry en ks 18 rye.

**** Fatsoeneer punt:** Vlg ry: r2 tes, *r 1, r2 tes. Herh van * tot einde (9 ste).

Brei 1 ry aw.

Vlg ry: r 1, *r2 tes. Herh van * tot einde (5 ste).

Breek breigaring af, maar laat 'n lang draad agterbly. Ryg die draad deur die 5 ste, trek styf en werk naat toe.

Verdeel vir tweede vinger: Met regte kant van werk na jou toe, heg draad weer vas en met regterpen tel op en r 2 ste by basis van eerste vinger, r 5 op linkerpen, draai, stel 1 st op, aw vlg 12 ste, draai, stel 1 st op (14 ste).

Tweede vinger: Beg met 'n r-ry en ks 22 rye.

Voltooi soos uiteengesit vir eerste vinger

vanaf **.

Verdeel vir derde vinger: Met regte kant van werk na voor, heg breigaring weer vas en met regterpen tel op en r 2 ste by basis van tweede vinger, r 5, draai, stel 1 st op, aw vlg 12 ste, draai, stel 1 st op (14 ste).

Derde vinger: Beg met 'n r-ry en ks 18 rye.

Voltooi soos uiteengesit vir eerste vinger vanaf **.

Verdeel vir vierde vinger: Met regterpen tel op en r 2 ste by basis van derde vinger, r 5 ste dan op linkerpen (12 ste).

Vierde vinger: Beg met 'n aw-ry, ks 17 rye.

Fatsoeneer punt:

Vlg ry: *r 1, r2 tes. Herh van * tot einde (8 ste).

Brei 1 ry aw.

Vlg ry: *r2 tes. Herh van * drie keer (4 ste).

Breek draad af en laat 'n lang draad agterbly. Ryg die draad deur die 4 ste, trek styf en werk naat toe.

LINKERHANDSKOEN: Volg aanwysings vir regterhandskoen tot by ***.

Fatsoeneer duimvoegstuk: 1e ry: r 16, vermeer, vermeer, r 22.

Begin met 'n aw-ry en ks 3 rye.

Vlg ry: r 16, vermeer, r 2, vermeer, r 22. Brei 3 rye ks.

Vlg ry: r 16, vermeer, r totdat 23 ste oorbly, vermeer, r 22. Brei 3 rye ks.

Herh laaste 4 rye twee keer, dan eerste van dié rye weer eens (52 ste).


Brei 1 ry aw.

Verdeel vir duim: r 29, draai, stel 2 ste op, aw vlg 13 ste, draai, stel 1 st op (16 ste).

Voltooi soos uiteengesit vir duim van regterhandskoen.

Eerste, tweede, derde en vierde vinger: Brei soos uiteengesit vir vingers van regterhandskoen.

AFWERKING: Gebruik 2 drade T tesame en borduur blomme en knoppe in madeliefsteek. Gebruik een draad groen en borduur blare in madeliefsteek, stingels in stamsteek en reguit steke tussen madeliefblomblare. Gebruik pienk en borduur 'n Franse knopie in middel van elke blom (raadpleeg diagram).



GEBREIDE DAMES-SOKKIES

BENODIGDHED: Drie 50-g-bolle Pin-gouin Mist; 1 paar elk 3¼-mm- en 3¼-mm-breipenne.

SPANNING EN GROOTTE: 31 ste en 35 rye oor patroonsteek en 34 rye oor koussteek vir 10 x 10 cm met 3¼-mm-penne. Die sokkies is 28,5 cm lank vanaf opstelrand tot by bopunt van hak en voet is 22,5 cm lank vanaf hak tot by toon.

AFKORTINGS (Lees eers voordat jy begin brei.): r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; gon - garing oor naald (om steek te maak); grn - garing rondom naald (om steek te maak); gl - glip; tgso - trek glipsteek oor; vermin - verminder (deur 2 steke saam te brei); oorbl - oorblywende; ks - koussteek (r aan regte kante en aw aan verkeerde kant); gedraaide enkelruffel is r 1 agter in steek en aw 1 om die beurt; r 1 of r2 tes a - r 1 of 2 tesame deur agterkant van lussies; aw op of r op - tel lus tussen twee breipenne op en aweregs of regs in agterkant daarvan; beg - begin; pat - patroon.

AANWYSINGS (twee sokkies eenders): Stel 66 ste op met 3¼-mm-penne en brei 7 rye gedraaide enkelruffel.

Slaan oor na 3¼-mm-penne en brei vierrypatroon soos volg:

1e ry (regte kant): aw 1, *r 4, aw 2. Herh van * totdat 5 ste oorbly, r 4, aw 1.

2e ry: r 1, *aw 4, r 2. Herh van * totdat 5 ste oorbly, aw 4, r 1.

3e ry: aw 1, *gon, gl 1, r 1, tgso, r2 tes, grn, aw 2. Herh van * en eindig laaste herh met aw 1 in plaas van aw 2.

4e ry: Soos 2e ry.

Pat 30 rye.

Fatsoeneer been: Hou pat deurlopend korrek en vermin 1 st aan elke kant van vlg en 5 daaropvlg 8e rye (54 ste).

Pat 17 rye reguit.

Verdeel vir wreef: Pat 14 en los hierdie ste op 'n haakspeld, aw 1, pat 24, aw 1, draai en los oorbl 14 ste op 'n haakspeld.

Wreef

Vlg ry: r 1, pat 24, r 1.

Vlg ry: aw 1, pat 24, aw 1.

Herh laaste twee rye nog 18 keer en dan 1e ry weer eens.

**** Fatsoeneer die toon:** 1e ry: r 2, r2 tes a, r totdat 4 ste oorbly, r2 tes, r 2.

2e ry: aw deurgaans.

Herh die laaste 2 rye nog sewe keer (10 ste). Heg af.

Hak: Werk eers middelagternaat toe. Skuif oorbl 28 ste op 'n 3¼-mm-pen en met regte kant na voor, heg draad weer vas en brei soos volg:

1e ry: r oor al die ste.

2e ry: aw deurgaans.

Vlg ry: gl 1, r 26, draai.

Vlg ry: gl 1, aw 25, draai.

Vlg ry: gl 1, r 24, draai.

Vlg ry: gl 1, aw 23, draai.

Brei op dié manier nog 14 rye en brei 1 st minder op elke ry totdat laaste ry lees: gl 1, aw 9, draai.

Vlg ry: gl 1, r 9, r op en r lus tes met die vlg st op linkerbreien, draai.

Vlg ry: gl 1, aw 10, aw op en aw lus tes met vlg st op linkerpen, draai.

Vlg ry: gl 1, r 11, r op en r lus tes met vlg st op linkerpen, draai.

Vlg ry: gl 1, aw 12, aw op en aw lus tes met vlg st op linkerpen, draai.

Brei nog 14 rye op dié manier en brei 1 st meer op elke ry totdat laaste ry lees: gl 1, aw 26, aw op en aw lus tes met laaste st op linkerpen.

Sool: Beg met 'n r-ry en brei 39 rye ks.

Vlg ry: aw 8, *aw2 tes, aw 8 * Herh van * tot * een keer (26 ste).

Fatsoeneer toon: Brei soos uiteengesit vir fatsoenering van wreef vanaf **

AFWERKING: Pars liggies aan verkeerde kant met 'n warm yster oor 'n klam doek. Werk bodeel aan sool vas.